
# Beleggingsoorsig:2008

*Saamgestel deur Liberty Groep- Adviesdienste*



2008 het markdeelnemers en kommentators na die rekordboeke laat gryp om te probeer agterkom hoe die jaar se gebeure by die onlangse geskiedenis inskakel.

Die JSE het 23.2% verloor; die gelyste eiendomsindeks het 4.5% verloor, terwyl verbande en kontant met onderskeidelik 17.0% en 12.4% gestyg het. Vroeg verlede jaar was verbande en kontant in die kol, maar wat die mark einde 2007 opgelewer het, was algeheel 'n ander storie.

In 2007 was gelyste eiendom aan die voorpunt met 'n opbrengs van 26.5%; aandele was 19.2% hoër, kontant 10.1% and verbande 4.2%. Indien u in 2007 die laer risiko-bateklasse verkies het, sou u 'n redelike groot potensiële opbrengs opgeoffer het – wat 'n bitter pil is vir enige belegger om te sluk!

Onderstaande tabel lys elke bate-klas van 1998 tot 2008 in volgorde van vertoning.

**SLEUTEL:**

| | |
|---|---|
| GE | Wêreld-aandele (Global equities) |
| ALSI | FTSE/JSE Aandele-indeks (All Share index) |
| PROP | Eiendomsektor-gemiddeld (Property sector average) |
| BOND | Verbandsektor-gemiddeld (Bond sector average) |
| MM | Geldmark (Money market) |
| BP | Gebalanseerde portefeulje (Balanced portfolio) |
| CPI | Inflasie (verbruikersprysindeks) Inflation (consumer price index) |

| | 1998 | 1999 | 2000 | 2001 | 2002 | 2003 | 2004 | 2005 | 2006 | 2007 | 2008 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | GE | ALSI | PROP | ALSI | PROP | PROP | PROP | PROP | ALSI | PROP | BOND |
| | 50.3 | 70.82 | 27.6 | 32.61 | 24.5 | 41.1 | 41.3 | 50 | 41.2 | 26.5 | 17 |
| 2 | MM | PROP | BOND | GE | BOND | BOND | BP | ALSI | GE | ALSI | MM |
| | 17.8 | 56 | 19.3 | 32.4 | 16 | 18.1 | 27.8 | 47.3 | 33.2 | 19.2 | 12.4 |
| 3 | CPI | BP | MM | BOND | MM | BP | ALSI | BP | PROP | BP | CPI |
| | 7.1 | 35.9 | 10.99 | 17.8 | 11.5 | 16.4 | 25.4 | 26.9 | 28.4 | 12.2 | + / -11.3 |
| 4 | BP | GE | GE | BP | CPI | ALSI | BOND | GE | BP | MM | PROP |
| | 5.2 | 31.3 | 7.3 | 17.7 | 9.3 | 16.1 | 15.2 | 23.4 | 25.7 | 10.1 | -4.5 |
| 5 | BOND | BOND | CPI | MM | BP | MM | MM | BOND | MM | GE | BP |
| | 4.8 | 29.4 | 7.7 | 10.6 | 1.9 | 12.8 | 8.2 | 10.8 | 7.9 | 7 | -10.5 |
| 6 | PROP | MM | BP | PROP | ALSI | CPI | CPI | MM | BOND | CPI | GE |
| | 4 | 15.73 | 2.6 | 7.9 | -8.3 | 6.8 | 4.3 | 7.5 | 5.5 | 6.5 | -18.1 |
| 7 | ALSI | CPI | ALSI | CPI | GE | GE | GE | CPI | CPI | BOND | ALSI |
| | -5.9 | 6.9 | 0.4 | 6.6 | -42.4 | 3.1 | -1.9 | 3.9 | 4.6 | 4.2 | -23.2 |

Source: I-Net and Deutsche Securities

## Belê oor die lang termyn met 'n gebalanseerde portefeulje

Dit illustreer die waarde daarvan om met ‘n gebalanseerde portefeulje oor die lang termyn te belê. Hoewel u miskien nie die beste vertoning ooit sal hê nie, kan u gerus wees dat u ook nooit die onderspit sal delf nie!


## Behou blootstelling aan al vier bate-klasse

Dit is uiters belangrik om blootstelling aan al vier bate-klasse te behou, ongeag van hoe onseker die vooruitsigte mag wees. U kan verwagte afwaartse neigings beperk deur middel van korttermyn taktiese bate-toewysingsbewegings, maar dit is riskant om heeltemal uit 'n bate-klas uit te beweeg.

Byvoorbeeld: aandele- en verbandmarkte is vooruitskouende meganismes waarvan pryse dikwels op toekomstige gebeure gebaseer is. Gedurende die Groot Depressie het die Dow Jones-indeks op 8 Julie 1932 sy laagtepunt bereik en hoewel die ekonomie verder verswak het tot in Maart 1933, het die mark teen daardie tyd reeds met 30% herstel!

## Balanseer risiko en beloning

Daar is altyd 'n kompromis tussen risiko en opbrengs, soos die onderstaande diagram aandui. Om by lae-risiko bates te bly, sal toekomstige groeipotensiaal affekteer, aangesien hulle op die lang duur met laer opbrengs korreleer.




## Benut aandelemarkte

Namate ekonomieë stabiliseer en herstel, kan dit voordelig wees om blootstelling aan die meer riskante bate-klasse te vergroot, om sodoende die stygende aandelemarkte te benut. Plaaslike geldmarkte sal waarskynlik die res van die jaar aanhou daal, namate die rentekoers verder gesny word. Derhalwe moet 'n 'oorgewig-posisie' in kontant aktief bestuur word om verlore kapitaal te herwin en om die beste reële opbrengs oor die lang termyn te genereer.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat, hoewel u groter blootstelling aan meer riskante bates mag hê, dit steeds noodsaaklik is om in 'n gebalanseerde portefeulje blootstelling aan alle bate-klasse te hê en om te verseker dat u genoeg likiede bates het om in u inkomste-behoeftes te voorsien.

Vir meer inligting oor Liberty se wye reeks beleggingsgeleenthede en oor hoe u u portefeulje kan diversifiseer, praat met u finansiële adviseur of skakel Liberty Life by 0860 456 789.